higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

11 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

578Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die ongeskrewe reg van Suid-Afrika:

A Internasionale reg
B Regspresedent
C Gemenereg
D Geskrifte van regskundiges

1.2 Watter van die volgende is NIE ’n beginsel van herstellende geregtigheid nie?

A Die genesing van slagoffers en oortreders en die veiligheid van die gemeenskap.
B Gebrek aan respek vir ander mense.
C Om hoop aan deelnemers te gee.
D Die bystand wat aan oortreders gegee word om eerlik oor hul misdade te wees en berou teenoor hul slagoffers te toon.

1.3 Die rol van die Gesinsadvokaat is om:

A Bestorwe boedels te hanteer.
B Beskuldigdes te verdedig.
C Insolvente boedels te likwideer.
D Die beste belang van kinders in siviele geskille oor ouerlike regte en verantwoordelikhede te bevorder en te beskerm.

1.4 ’n Ondersoek ter plaatse word uitgevoer wanneer:

A Kinders as getuies in die hof optree
B ’n Kind die beskuldigde in ’n saak is
C Die voorsittende beampte, op versoek van die staat of verdediging, die misdaadtoneel inspekteer
D Die voorsittende beampte in beheer van verrigtinge is

1.5 Die strafregsplegingstelsel kan beskou word as die sosiale kontrak tussen ...

A die staat en ander state.
B die polisie en die vervolging.
C die burgers van die land.
D die mense en die staat.

Kopiereg voorbehou

1.6 Die reg wat gevestig is deur beslissings na te volg wat regters in vroeëre sake gegee het, staan bekend as:

A Gebruike
B Geskrifte van regskundiges
C Gemenereg
D Presedentereg

1.7 Watter van die volgende is nie ’n verantwoordelikheid van korrektiewe dienste nie?

A Instandhouding van korrektiewe instellings
B Hervorming van oortreders
C Voorkoming van misdade
D Toesighouding oor die NVG

1.8 Die militêre polisie pas wette toe:

A Op Suid-Afrika se paaie.
B In openbare gebiede in die land.
C Op militêre eiendom.
D Op Suid-Afrika se strande.

1.9 Die aanhoudingsproses sluit in …

A opvoedkundige behoeftes.
B godsdienstige behoeftes.
C assessering van oortreders.
D sekuriteitsklassifikasie.

1.10 Die beginsel van Trias Politica verwys na ...

A die gelykheid van elkeen voor die reg.
B skeiding van magte.
C ’n beskuldigde se onskuld totdat sy/haar skuld bewys word.
D die reg op lewe.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Natuurreg	A	wet wat deur ’n staat uitgevaardig word
2.2	Bereg	B	gebied waaroor die regsgesag van die hof strek
2.3	Arbitrêre	C	Treatment Action Campaign
2.4	TAC	D	lewer dienste as ’n vrywilliger ter ondersteuning van die polisie
2.5	Statuut	E	vervolging van slagoffers van misdaad
2.6	Jurisdiksie	F	om ’n formele uitspraak oor ’n geskil te lewer
2.7	Viktimisering	G	beskerming van kindergetuies
2.8	KGB (‘CWP’)	H	stelsel van geregtigheid wat alle mense deel en wat in die natuur verskans is
2.9	In camera	I	sonder goeie rede
2.10	Reservis	J	publiek en pers word van die verhoor uitgesluit

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Vrywilligerdiens kan help om sosiale vaardighede te verbeter.

3.2 Die beginsel dat die beskuldigde as skuldig beskou word, staan bekend as die behoorlike regsproses-model.

3.3 ’n Eiser is die persoon wat ’n eis om skadevergoeding instel.

3.4 Verhoorafwagtende gevangenes is mense in aanhouding wat gevonnis is.

3.5 ’n Visenteringslasbrief moet deur ’n regter of landdros uitgereik word.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 ’n Situasie waar daar teenoorstaande menings is

4.2 Oppermagtige gesag of bevoegdheid

4.3 Vertolk en pas die wette van die land toe

4.4 Om afval in bruikbare produkte te verander

4.5 Om onskuldig bevind en vrygelaat te word

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.



Johannesburg – Volgens die polisie is ’n 33-jarige man in hegtenis geneem wat Sondagoggend 202 km/h gery het.

Vier ander persone wat ook die 120km/h-spoedgrens oortree het, is in die vroeë oggendure op Sondag deur die polisie gestuit. Hulle is tussen 05:00 en 11:00 op die N3 suid naby die Randse Lughawe-afrit in Germiston gevang.

Die woordvoerder van die Ekurhuleni Metropolisieafdeling, waarnemende luitenant-kolonel Kobeli Mokheseng, het gesê die jaagduiwels is deur beamptes van die Hoëspoed-eenheid gevang.

[Aangepas uit: *Duncan Alfreds, News24*, 22 Januarie 2017]

5.1 Definieer *munisipale polisie*. (2)

5.2 Noem die hooffunksies van die munisipale polisiediens. (3)

5.3 Verduidelik waarom verordeninge deur munisipale polisiebeamptes afgedwing word. (3)

5.4 'n Verordening is 'n regulasie wat deur 'n plaaslike owerheid uitgevaardig word. Gee 'n voorbeeld van 'n verordening. (2)

5.5 Noem SES pligte van verkeerspolisie. (6)

5.6 Hoe kan die beginsel van vrywilligerdiens op misdaadverwante vraagstukke toegepas word?

(2 × 2) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Dui aan hoe die akkusatoriese strafproses van die inkwisitoriese weergawe verskil met betrekking tot regte en persoonlike omstandighede van die beskuldigde. (8)

6.2 Noem en bespreek kortliks die verskillende tipes statistieke wat in misdaadontleding gebruik word. (8)

6.3 Bespreek die belangrike rol wat vrywilligerdiens in die samelewing kan speel. (3)

6.4 'Besigheid Teen Misdaad Suid-Afrika (BTMSA) is gestig om die staat te help om misdaad te beveg.'

Wat is die TWEE kenmerkende rolle van BTMSA? (5)

6.5 Verduidelik die term *resepsie*. (2)

6.6 Noem VIER beginsels van vrywilligerdiens. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die verklaring hier onder en beantwoord die vrae.

DIE STRAFREGSPLEGINGSTELSEL



Die meeste van ons erken die belangrike rol wat wette in ons samelewing speel.
As lede van 'n gemeenskap, land of samelewing het ons 'n 'sosiale kontrak' met die mense om ons om wette te skep wat 'n veilige omgewing vir almal daarstel, wat ons veilig laat voel terwyl ons in die straat stap, en waarvolgens ons regverdig met mekaar omgaan.

Hoewel ons daagliks hierdie wette en reëls gehoorsaam, is ons nie verantwoordelik vir die toepassing daarvan nie.

Of ons kies om die wette te gehoorsaam of te verbreek, hang van elke persoon af, en toepassing is in die hande van die strafregsplegingstelsel.

'2019 criminaljusticecareescenter.com' [Aangepas uit: *The SAPS Media*, 27 April 2018]

7.1 Bespreek VIER primêre doelstellings van die strafregsplegingstelsel. (4)

7.2 Noem die DRIE stappe waarin die strafregproses verdeel word. (3)

7.3 Definieer die volgende konsepte:

7.3.1 Pleitonderhandeling (4)

7.3.2 Ondervraging (3)

7.4 Wanneer begin die strafregspleging en wanneer eindig dit? (2)

7.5 Verduidelik kortliks die rol en funksies van die volgende komponente in die strafregsplegingstelsel:

7.5.1 Wetstoepassingskomponent

7.5.2 Vervolgingskomponent

7.5.3 Hofkomponent

7.5.4 Korrektiewe komponent

(4 × 1) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou